147 Bram Fischer Weg
FERNDALE
2194

Posbus 1673
SUNNINGHILL
2157

Tel: 011 781 1730
Faks: 011 781 1731
Epos: salomonp@nemai.co.za

Ons Verwysing: 10315/Let52

03 Maart 2010

**Vir Aandag: Belanghebbende en Geaffekteerde Party**

**Ls.: Kennisgewing van Omgewingsgoedkeuring – Voorgestelde Verwydering van Bottelnek op ’n bestaande pyplyn naby Lephalale (DEA Verwysingsnommer 12/12/20/1467)**

Hierdie dien as kennisgewing dat ’n positiewe Omgewingsgoedkeuring, onderworpe aan kondisies, uitgereik is deur die Departement van Omgewingsake (DEA) vir die bogenoemde projek (Verwysings nommer 12/12/20/1467) op **24 Februarie 2010**. Die goedkeuring is uitgereik in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsakebestuur (Wet Nr. 107 van 1998), na afhang van die uitvoering van ’n Basiese Bepalingsproses (in gevolge Goewermentskennisgewing Nr. 385) vir die volgende gelyste aktiwiteite gelys in die Goewermentskennisgewing Nr. 386: 1 (k), (l), (m) en (n), 4,7,12,15, 16 en 20.

’n Kopie van die Omgewingsgoedkeuring kan verkry word vanaf Nemai Consulting (kontak besonderhede hieronder) op versoek. DEA se redes vir hul besluit word hierby aangeheg.

Partye wat hierdie goedkeuring formeel wil appelleer moet ’n kennisgewing van bedoeling om te appelleer aan die Minister binne **tien (10) dae** vanaf ontvangs van hierdie kennisgewing stuur, waarna hulle die appel dan binne **dertig (30) dae** na indiening van die kennisgewing van bedoeling om te appelleer, moet indien. ’n Kopie van die offisiële appelleer vorm kan verkry word by DEA vanaf:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Mnr. T Zwane** | **Appèl Administrateur** | **Tel: 012 310 3929** | **tzwane@deat.gov.za** |

Belanghebbende en Geaffekteerde Partye wat formeel wil appelleer moet die volgende prosedure volg, in ooreenstemming met Hoofstuk 7 van Goewermentskennisgewing Nr. 385 van 2006.

**Kennisgewings van voorneme om te appelleer**

**62.** (1) 'n Persoon wat geaffekteer is deur 'n beslissing na verwys in Regulasie 60(1) wat wil appelleer teen die beslissing, moet 'n kennisgewing van bedoeling om te appelleer by die Minister, LUR of gedelegeerde staatsorgaan aanteken, na gelang van die omstandighede, binne **10 dae** nadat daardie persoon van die beslissing in kennis gestel is ingevolge hierdie Regulasies.

(3) Indien die appellant 'n persoon buiten die aansoeker is, moet die appellant die aansoeker voorsien van -

(a) 'n afskrif van die kennisgewing waarna verwys word in subregulasie (1);

(b) 'n kennisgewing wat aandui waar en vir watter tydperk die appelvoorlegging beskikbaar sal wees vir ondersoek deur die aansoeker.

(4) Die Minister, LUR of gedelegeerde staatsorgaan mag, na gelang van die omstandighede, skriftelik, met goeie rede, die tydperk waarin 'n kennisgewing van bedoeling om te appelleer voorgelê moet word, verleng.

**Voorlegging van appèlle**

63. (1) 'n Appèl aangeteken by -

(a) die Minister moet skriftelik aan die Departement van Omgewingsake en Toerisme voorgelê word;

(b) die LUR moet skriftelik aan die provinsiale departement bemoeid met omgewingsake in die betrokke provinsie voorgelê word; of

(c) die gedelegeerde staatsorgaan, waar van toepassing, moet skriftelik aan daardie gedelegeerde staatsorgaan voorgelê word.

(2) 'n Appèl moet -

(a) op 'n amptelike vorm uitgegee deur, of verkrygbaar van, die betrokke departement wees; en

(b) vergesel wees van -

(i) 'n verklaring wat die gronde van appel verstrek;

(ii) stawende dokumentasie waarna verwys is in die appèl en wat nie in besit van die Minister, LUR of staatsorgaan is nie;

(iii) 'n verklaring deur die appellant dat daar voldoen is aan regulasie 62(2) of (3) tesame met afskrifte van die kennisgewings waarna verwys word in daardie regulasie; en

(iv) die voorgestelde appelkoste, indien enige.

(3) Wanneer 'n appèl voorgelê word, moet die appellant enige riglyne wat van toepassing is op appèlle in ag neem.

**Tydperk waarin appèlle ingedien moet word**

64. (1) 'n Appèl moet aan die betrokke departement voorgelê word binne **30 dae** vanaf aantekening van kennisgewing van bedoeling om te appelleer waarna verwys word in regulasie 62(1).

(2) Die Minister, LUR of gedelegeerde staatsorgaan, na gelang van die omstandighede, mag skriftelik, met goeie rede, die tydperk waarin 'n appèl voorgelê moet word, verleng.

*Neem kennis:* 'n Appèl teen 'n besluit moet ingedien word by die Departement van Omgewingsake, wie dit dan sal indien by die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling.

Sou u teen enige aspek van die besluit wou appelleer moet u onder andere 'n kennisgewing van bedoeling om te appelleer by die Minister indien, binne **10 dae** van ontvangs van hierdie kennisgewing van besluit, deur middel van een van die volgende metodes:

| | |
|---|---|
| Per Faks: | 012 320 7561; |
| Per pos: | Privaatsak X447, Pretoria, 0001; of |
| Per hand: | 2nd Vloer, Fedsure Forum Gebou, Noord Toring, hoek van Van der Walt en Pretorius Strate. Pretoria. |

Kopieë van bogenoemde dokumente moet ook ingehandig word by:

Nemai Consulting C.C.
Vir Aandag: Mnr. Salomon Pienaar
Faks: (011) 781 1731
epos: salomonp@nemai.co.za

Die kennisgewing van bedoeling om te appelleer moet nie later as **Vrydag, 12 Maart 2010** ingedien word nie. Die appèl moet nie later as **30 dae** (**Maandag, 12 April 2010**) na die kennisgewing van bedoeling ingedien is, ingedien word nie.

Kontak ons gerus vir enige navrae.

Byvoorbaat dank
**Salomon Pienaar**



Nemai Consulting C.C.
Environmental, Social, OHS and Training Consultants